Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ʼn Kandidaat mag nie meer as een vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ʼn kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ʼn motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

6. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:

   Slegs ʼn punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.

7. Fals (Vals) kan aanvaar word. (False is egter verkeerd, want dit is Engels.)

8. Indien die kandidaat woorde uit ʼn **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

9. Aanvaar dialektiese variasies.

10. Indien die kandidaat **kru taal** gebruik, word die **kru woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kru woord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

11. Waar een-woord antwoorde gevra word en die kandidaat ʼn volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

12. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

Kopiereg voorbehou 

13. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

14. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

15. As ’n spelfout die betekenis van ’n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

### *KRINGE IN 'N BOS* – DALENE MATTHEE

1.1 Maska (1)

1.2 Hy wou vir Saul sê sy pa dood is/dat Joram Barnard dood is. (1)

1.3 Hy is dood/'n Boom het hom doodgeval. (1)

1.4 Kate (1)

1.5 Hy wou bewys dat houtkappers en hul kinders ook kan vooruit gaan in die lewe/kan ryk word en daardeur vir Kate en haar pa verkeerd bewys. (1)

1.6 vernedering (1)

1.7 JA – want Kate het nie van beter geweet nie en haar pa geglo./MacDonald het neergesien op die houtkappers omdat hulle arm en ongeletterd was.

**OF**

NEE – Saul het geweet wie hy was en dit is nie nodig om te bewys dat jy ook 'n reg het op die lewe nie./Saul het meer geweet van die bos as MacDonald./Saul kon lees en skryf en was dus nie ongeletterd nie. (1)

1.8 JA – ek sou dieselfde gedoen het as Saul./Ek sou ook vir Kate en haar pa verkeerd bewys het, want dis 'n geval van eer.

**OF**

NEE – Ek sou niks gedoen het nie en bloot net aangegaan het met my lewe. (1)

1.9 1.9.1 ONWAAR

1.9.2 Sy pa het Maska al die eerste winter gestuur om te kyk of dit goed/reg gaan met Saul. (1)

1.10 1.10.1 ma (1)

1.10.2 pa (1)

1.10.3 Maska (1)

1.11 NEE – Omdat ek weet dat dit verkeerd is, sou ek nie die olifante doodgemaak het nie.

**OF**

JA – Ek sou dit ook verkoop het, want almal verkoop dit./Ek sou soos Joram probeer het om my skuld by MacDonald te betaal en vir my gesin te sorg. (2)

1.12 Oupoot het Saul as sy mens-broer gevat en omdat Maska baie respek en liefde gehad het, het hy respek aan Saul getoon. (1)

1.13 C/Jozef (1)

1.14 B/Sy liefde vir Kate (1)

1.15 verontwaardig (1)

1.16 Hy het geweet Kate sou ontsteld wees as sy die waarheid weet. (1)

1.17 Hy was lief vir Oupoot en Kate, en Kate het dit vir hom geteken/gemaak. (2)

1.18
- Jozef se kind is dood.
- Hulle sê dat Oupoot die kind getrap het.
- Freek Terblans gaan vir Oupoot skiet. (3)

1.19 Hulle was bygelowig oor die olifante./Hulle het geglo dat die woord olifant onheil oor jou bring. Hulle het geglo die olifante kan jou hoor en dink dat jy hulle roep. (1)

1.20 1.20.1 C – Anneries (1)

1.20.2 E – Barkley (1)

1.20.3 D – Crompton (1)

1.20.4 A – Maska (1)

1.21 MacDonald sê hy gee vir Saul kos en slaapplek./Hy het geld op Saul se pa se skuld afgetrek./Hy het geld afgetrek vir die tyd wat Saul op die kaai tyd van hom gesteel het. (Enige soortgelyks) (2)

1.22 Hy wou hê dat Saul moes sien hoe dat die delwers die bos verniel/verwoes het. (1)

1.23 JA – hy het bewys dat die houtkappers en hul kinders nie wild en vuil is nie./Hy het vrede gemaak met die dood van Oupoot./Hy het vrede gemaak met sy broer Jozef./Hy en Kate het mekaar gevind./Saul is terug in sy geliefde bos.

**OF**

NEE – Jozef en hy het vrede gemaak, maar daar was nie liefde, vreugde en blydskap nie./Die leser moet sy eie afleiding maak of hy wel met Kate getroud is. (1)

**[35]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vywer**

2.1 Hanna (1)

2.2 Hanna se ma/Tibo se ma/Hanna en Tibo se ma/Yann en Amos se stiefma/ Beyers se vrou. (1)

2.3 Yann/hy is haar stiefseun. (1)

2.4 Sy sê dit is geldmors en sê Hanna se tande sal karakterloos wees. (2)

2.5 2.5.1 Beyers (1)

2.5.2 Mana (1)

2.5.3 Gavin (1)

2.5.4 Tibo (1)

2.6 JA – Sy het hom by sy pa gelos en hy voel hy het haar nie meer nodig nie./ Hy voel sy kom krap net sy lewe om./Sy is nooit daar as hy haar nodig het nie.

**OF**

NEE – ŉ Mens se ma bly jou ma al doen sy ook wat./Die leser (Ons) weet nie wat Margot se rede was waarom sy regtig van Beyers geskei het nie. (2)

2.7 vererg (1)

2.8 Margot is sy ma./Hy is nog klein en hy het haar gemis en na haar verlang./Hy was baie opgewonde om haar weer te sien. (2)

2.9 C/Fabienne (1)

2.10 JA
Hulle het geleer om dinge saam te doen./Hulle het geleer om mekaar te verdra/Hulle het geleer om hul omstandighede te aanvaar.
(Enige iets soortgelyks)

**OF**

NEE
Yann loop nog steeds met sy oorfone en musiek luister./Die kinders het nog steeds onder mekaar gestry. (Enige iets soortgelyks) (1)

2.11 Sy sal nie haar haardroër kan gebruik nie. (1)

2.12 Margot gedra haar soos ŉ koningin./Sy help nie in die huis nie./Haar kleredrag is modern en trek aandag./Sy eet net sekere kosse.
(enige iets soortgelyks) (1)

2.13 JA
Sy het ŉ huis en gesin gehad./Sy het haar eie kamer gehad./Haar ma was lief vir haar./Hoewel vreemd was haar pa ook lief vir haar./Sy het goed met haar stiefpa oor die weg gekom.

**OF**

NEE
Dit was vir haar moeilik in ŉ ongewone gesin./Haar pa het nie by hulle gebly nie./Sy was skaam vir haar pa. (2)

2.14 Haar ouma het nooit ŉ badkamer gehad nie./Haar ouma het ŉ sinkbad in die kombuis gehad./Sy het ŉ buitehuisie met ŉ longdrop gehad.

2.15 2.15.1 ONWAAR

2.15.2 Sy het haar naels kort afgeknip. (1)

2.16
- Sy help Mana met die geboorte van die baba.
- Sy is kalm en sê vir elkeen wat hulle moet doen.
- Sy sny haar naels kort om nie die baba te beseer nie. (3)

2.17 Om die omstandighede van haar geboorte te onthou. (2)

2.18 2.18.1 kalm (1)

2.18.2 senuweeagtige (1)

2.18.3 sigaret (1)

2.18.4 noodgevalle (1)

2.19 B/ŉ Mens moet jou omstandighede aanvaar. (1)

2.20 JA – want haar lewe was ŉ ongelooflike avontuur./Met haar unieke gesin het elke dag soos ŉ avontuur gevoel.

**OF**

NEE – Haar lewe was nie interessant genoeg om ŉ boek oor te skryf nie./ Hanna se gesin is maar soos al die ander saamgestelde (uitgebreide) gesinne. (2)
**[35]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Hermanus Blanckenberg se seun./Fred Blanckenberg se halfbroer. | | (1) |
| 3.2 | Attie en Jacob Langhans/Die Langhans broers. | | (1) |
| 3.3 | Tjop Tredoux was ŉ speurder wat vir seevissery werk en kreefdiewe vang en Billy en Skalla het ondergewig krewe gevang. | | (2) |
| 3.4 | Skalla is verantwoordelik dat Jacob se vriendin (Marietjie du Plessis) in Stikland (inrigting) is, en dat haar pa dood is. | | (2) |
| 3.5 | D/versigtig | | (1) |
| 3.6 | Hul pa is gevang met ŉ vrag onwettige kreef en hulle weet hy het saam met Skalla gewerk en sy vuilwerk gedoen. | | (2) |
| 3.7 | uittartend | | (1) |
| 3.8 | dreigende onweer | | (1) |
| 3.9 | Ryna | | (1) |
| 3.10 | Ousanna het gesê mens moet ŉ wildevy plant as jy pyn het, dan sal die pyn in die takke van die boom groei. | | (2) |
| 3.11 | Haar man het hul seun geskiet/en daarna homself geskiet./Sy het al haar besittings (alles) in die brand verloor. | | (3) |
| 3.12 | 3.12.1 | E – Attie | (1) |
| | 3.12.2 | C – Ryna | (1) |
| | 3.12.3 | A – Kinnie | (1) |
| | 3.12.4 | B – Hermanus | (1) |
| 3.13 | 3.13.1 | Skalla | (1) |
| | 3.13.2 | Veronica | (1) |
| | 3.13.3 | seegraskonsessie | (1) |
| | 3.13.4 | tjekboek | (1) |
| 3.14 | skuldig | | (1) |
| 3.15 | Jacob se dogtertjie se lykie was in die kissie en Jannerik se kleindogter (Kinnie se dogtertjie) was in die bruin sak. | | (2) |

3.16 Janka was in die hospitaal./Janka is geskiet. (1)

3.17 JA – Fred is Janka se biologiese pa en hy het ŉ reg om te weet.

**OF**

NEE – Fred het Jacob se vrou afgeneem en die nuus sou Jacob baie seermaak. (1)

3.18 Jacob – Dit wat Skalla aan sy vriendin./Marietjie du Plessis gedoen het.
Fred – Hy het geweet hoekom Skalla hom afgepers het. Hy het geweet waarom Sheila selfmoord gepleeg het. (1)

3.19 3.19.1 ONWAAR

3.19.2 Fred Blanckenberg en Kinnie Kuiper is haar biologiese ouers. (1)

3.20 Jacob is Janka se aanneem pa en Fred is haar biologiese pa, maar hulle weet nie dat Fred haar pa is nie. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE-DIE-DRAMA*** **– Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Nee, hulle het uit respek hom nooit op sy naam genoem nie. | (1) |
| 4.2 | Stone het vir Poppie aan sy mense gaan voorstel/wys. | (1) |
| 4.3 | Stone sê dat Poppie eendag haar dogters moet grootmaak soos haar ouma haar grootgemaak het. | (1) |
| 4.4 | jong bruid | (1) |
| 4.5 | Poppie was swanger en sy wou die baba by haar ma gaan kry. | (1) |
| 4.6 | Die kind is (op vyf maande) dood. | (1) |
| 4.7 | Poppie se oudste kind (Temba) is ŉ jaar na Jakkie gebore en toe haar kind dood is, het sy meer aandag aan Jakkie gegee en sy het vir Jakkie tot hy drie was grootgemaak toe haar ma (by die visfabriek) gewerk het. | (2) |
| 4.8 | iets het reggekom | (1) |
| 4.9 | Sy sê sy het daar groot geword./Sy het by die garage gewerk./Sy het by die Union College geleer./Haar kind se graf is daar./Bhuti Mbatane het 12 jaar in Lambertsbaai gewerk. (Enige 2 x 1) | (2) |
| 4.10 | Hy het kontrak gevat. | (1) |
| 4.11 | Poppie was getroud. | (1) |
| 4.12 | 4.12.1 polisie | (1) |
| | 4.12.2 kinders | (1) |
| | 4.12.3 Jakkie | (1) |
| 4.13 | Jakkie | (1) |
| 4.14 | 4.14.1 E – Stone | (1) |
| | 4.14.2 D – Mbatane | (1) |
| | 4.14.3 A – Plank | (1) |
| | 4.14.4 B – Pengi | (1) |
| 4.15 | Sy was getroud met ŉ man van die Ciskei en sy moes daarheen gaan. | (1) |

Kopiereg voorbehou 

4.16 JA – Hy het vir die regering gewerk en moes maar net die wette toepas.

**OF**

NEE – Hy kon probeer het om Poppie se pas vir haar reg te maak./Hy kon verstaan het dat sy daar gebore was. (1)

4.17 Hy sê Poppie was gewoond aan die dorpslewe. (1)

4.18 Daar moet ŉ huis vir haar wees/daar moet ŉ skool vir haar kinders wees. (1)

4.19 JA – Ek sou maar die omstandighede aanvaar het en vir my kinders gesorg het.

**OF**

NEE – Ek sou dit nie aanvaar het nie en weer met die owerhede gaan praat om die besluit te heroorweeg. (1)

4.20 4.20.1 ONWAAR

4.20.2 Stone het in die enkelkwartiere agtergebly. (1)

4.21 4.21.1 ONWAAR

4.21.2 Poppie was gewoond aan treine./Poppie het tot by Noupoort die wêreld geken. (1)

4.22 Bonsile het ŉ meisie swanger gemaak en Stone is dood. (2)

4.23 Bonsile (1)

4.24 A/Hulle was in die Ciskei. (1)

4.25 JA
Sy het nie ŉ huis in die Kaap gehad nie./Sy moes werk soek./Sy wou nie hê hulle moes deel van die onluste wees nie./Sy wou net die beste vir hulle hê.

**OF**

NEE
Hulle was ver van haar./Hulle was alleen en tog in hegtenis geneem./Jong kinders moet by hul ouers bly. (1)

4.26 Die dood van Vukile. (1)
**[35]**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

5.1 Hy het gehoor toe Hendrik en Katrien stry/sy ma en pa rusie maak. (1)

5.2 Manuel/nar (1)

5.3 NEE – want Hendrik, Katrien en Emma het tot laat in die aand na hom gesoek./Hulle het die nag nooit gaan slaap nie. (1)

5.4 flous (1)

5.5 C/Manuel (1)

5.6 ONWAAR – Emma het hom op die stoep gekry. (1)

5.7 Hy was bang hulle kry vir Manuel./Hy het gedink Manuel is in die skuur en dat hulle hom daar sou kry. (1)

5.8 B/Nollie kuier by Emma op die stoep. (1)

5.9 5.9.1 kombuis (1)

5.9.2 niet (1)

5.9.3 koffiepot (1)

5.10 5.10.1 D – Katrien (1)

5.10.2 E – Hendrik (1)

5.10.3 A – Nollie (1)

5.10.4 B – Frans (1)

5.11 JA – hy het net oë vir Katrien gehad./Hy kuier by Katrien./Kuier by Hendrik se vrou./Hy lê aan by Katrien./Hy dra goed vir haar aan.

**OF**

NEE – Omdat hy weet sy nie gereeld dorp toe gaan nie, bied hy aan om haar benodigdhede te gaan koop./Hy bring vir haar produkte van sy plaas vir almal in die gesin./Die dorpsmense weet nie wat op Toorwater aangaan nie en hulle skinder net. (1)

5.12 Dat Hendrik/sy pa sy tong uitgesny het. (1)

5.13 D/dat hy hulle baie goed ken (1)

5.14 narrepak (1)

5.15 Hy sê (wys) hy voer ŉ haas./Hy vat dit vir die hase. (1)

5.16 Toorwater (1)

5.17 Hy was bang dat hulle Manuel kry en toe kon hy vir Hendrik van Manuel sê. (2)

5.18 Manuel (1)

5.19 JA – Die nar het die kerkdiens verstoor./Die predikant het gedink hy was besig met duiwels dinge.

**OF**

NEE – Enige mens moet toegang tot ŉ kerkdiens hê./Die nar het niemand gepla nie. Dit was nie nodig om hom met gewere te jag nie. (1)

5.20 Die ouderling het hom gevra om die kerk te verlaat./Hy het gevlug./Mans met gewere het na hom gesoek./Jan Mol het hom geskiet./Hendrik dra hom na hulle huis om hom te versorg. (Enige 2 x 1) (2)

5.21 JA – Hy kon weer praat/Hy het weer selfvertroue. (1)

5.22 Hendrik (1)

5.23 Hulle het sy wonde verbind./Vir hom kos en blyplek gegee./Katrien het sy narrepak heel gemaak./Hendrik het sy leersak reggemaak./Die hele gesin het saam na die trein gegaan, toe hy vertrek het. (Enige 2 x 1) (2)

5.24 Katrien en Hendrik (die ouers) het weer met mekaar gepraat./Katrien en Hendrik (die ouers) se verhouding teenoor mekaar het verbeter./Emma het weer begin klavier speel/Willem het weer gepraat. (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHAAL

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

## OP SOEK NA KID KHUMALO – Dolf van Niekerk

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | 6.1.1 | Thomas se vrou wil niemand by hulle laat bly nie. | | (1) |
| | 6.1.2 | (a) | ONWAAR | |
| | | (b) | Frans het sy eie familie./Hulle twee is eintlik niks van mekaar nie. | (1) |
| | 6.1.3 | (a) | ONWAAR | |
| | | (b) | Sy was nog te siek om te gaan kuier. | (1) |
| | 6.1.4 | (a) | Kid | (1) |
| | | (b) | Denneboom-stasie | (1) |
| | | (c) | vriende | (1) |
| | 6.1.5 | (a) | C – Thabo | (1) |
| | | (b) | D – Kid | (1) |
| | | (c) | A – Katrien | (1) |
| | | (d) | E – Frans | (1) |
| | 6.1.6 | Sy is ontsteld omdat Kid weg is en alles wat ontstellend is, ontwrig haar net meer. | | (1) |
| | 6.1.7 | B/Mamelodi | | (1) |
| | 6.1.8 | Sy het nie toegang tot goeie kommunikasiemiddele gehad nie./Sy het nie ŉ telefoon gehad nie. | | (1) |
| | 6.1.9 | spanning | | (1) |
| | 6.1.10 | JA – Die mense het hom langs die pad gekry. Hy het amper ŉ week lank in die gras gelê voordat iemand hom gesien het. Hy is nou in die lykshuis.<br><br>**OF**<br><br>NEE – As sy by hom gaan bly het, sou sy gweet het waarhaan hy gaan. | | (1) |
| | 6.1.11 | JA – Hy het werk gekry by die Kalafong-hospitaal.<br>Hy het ŉ huislening gekry en vir homself ŉ huis gebou.<br>Hy betaal onderhoud vir sy kind.<br><br>**OF**<br><br>NEE – Kid het weereens weggeraak sonder om iemand te sê/Hy was onverantwoordelik om sy huis oop te los. (Enige 2) | | (2) |

6.1.12 Sy gesig was nog herkenbaar. (1)

6.1.13 Ons kan nie met sekerheid sê dat Kid wel die huis aan sy ma bemaak het nie/Ons weet nie of Kid die huis klaar betaal het nie. (1)

**EN**

**Rooi kombersie** – **Rachelle Greeff**

6.2 6.2.1 Sy sit gif vir kleremotte in die sak waarin sy dit bêre./Sy bêre dit in ŉ spesiale sak wat haar ma gemaak het./Sy streel soms haar wang daarmee. (3)

6.2.2 Lila is jonger as die twee grootmense en daarom miskien minder gewoond aan drank of haar ma en oom Kakie beskou haar nog as ŉ kind. (1)

6.2.3 Die rooi kombersie (1)

6.2.4 Hulle huis en winkel het afgebrand toe sy nog studeer het. Nadat sy getroud is, het rowers by haar huis ingebreek. (1)

6.2.5 Sy het haar kombersie gaan haal/red. (1)

6.2.6 JA – as iets vir my baie waardevol/kosbaar is, sal ek dit ook gaan haal.

**OF**

NEE – ek is baie bang vir die elemente en sal dit nie waag om in ŉ brandende huis te gaan nie. (1)

6.2.7
- Die mense kom waarsku hulle dat die huis brand en begin dadelik van die goed uitdra.
- Lila help glad nie, maar gaan haal net haar kombersie uit die brandende huis.
- Oom Kakie vat die pad/loop weg. (3)

6.2.8 JA – Hulle verjaag net die slange uit hul huis sonder om hulle dood te maak. Hulle word vereer vir die diens wat hulle vir die omgewing doen.

**OF**

NEE – Sy en Daniel rook albei./Sy gebruik mottegif om haar kombers te beskerm. (1)

6.2.9 Die rower het hulle vasgebind en hy het ŉ rewolwer in sy hand en mens verwag dat hy vir Lila sal seer maak, maar hy gooi die kombersie oor haar skouers en vou dit by haar nek in. (2)

6.2.10 Die rol van vertrooster. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

### VRAAG 7.1: Brief – Fernal R. Abrahams

7.1 7.1.1 Dit is ŉ eerlike gedig eenvoudige gedig. (1)

7.1.2 soms (1)

7.1.3 Antjie Krog (1)

7.1.4 Die spreker se gedig word met Antjie Antjie Krog se gedig/Ma vergelyk.

7.1.5 Sy ma. (1)

7.1.6 (a) ONWAAR

(b) Hy sê hy wil ŉ oorring dra/"ek wil ŉ oorring dra". (1)

7.1.7 Hoewel hy nou groot is/ŉ grootmens is, maar sy ma se kind sal bly.

7.1.8 Eers <u>dink</u> die seun aan die dood en daarna <u>praat</u> hy oor die dood en later <u>skryf</u> hy oor die dood. (3)

7.1.9 Omdat hy nie groot geword het soos sy ma graag wou hê hy moes groot word nie. (2)

7.1.10 Hy bly sy ma se kind.

7.1.11 (a) herskrywing (1)

(b) Ma (1)

7.1.12 B/emosionele onsekerheid (1)

7.1.13 verskil (1)

**EN**

### VRAAG 7.2: Thumela – Elmé Barnard

7.2 7.2.1 (a) gegroet

(b) bevryding

(c) die leerder nie gaan mis nie (3)

7.2.2 (a) E – laggend (1)

(b) D – vir oulaas (1)

(c) B – met 'n wilde tol (1)

(d) C – geskree (1)

7.2.3 C/geen respek vir die onderwyser gehad het nie

7.2.4 (a) WAAR (1)

(b) "... gemaak ernstig" (Moet aanhaling uit gedig wees.) (1)

7.2.5 bly wonder (Moet net TWEE woorde wees.) (1)

7.2.6 beklemtoon (1)

7.2.7 JA
Hy is bly en opgewonde om die skool te verlaat/hy skree omdat hy opgewonde is.

**OF**

NEE
Die onderwyser het soveel vir hom gedoen en geleer dat hy hom op 'n ordentlike manier kon gegroet het (1)

7.2.8 Dit is 'n vrye vers./Dit dui daarop dat die onderwyser as minderwaardig beskou word/daar word nie veel van die onderwyser gedink nie. (Enige iets soortgelyk) (1)

7.2.9 personifikasie (1)

7.2.10 Die seun se gedrag dat hy sy skoollewe sien as iets wat verby is/ geskiedenis is.
Die waarnemer is ontevrede met sy gedrag, want dit wat sy op skool geleer het (miskien in geskiedenis) het vir haar meer waarde gehad as vir die seun. (1)

7.2.11 Lyste (Moet net EEN woord wees.) (1)

7.2.12 blydskap/vreugde (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**